N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Erediens: 9 Februarie 2020

Prediker: Ds. Bertine Malan

Teks: 1 Korintiërs 2:1-16

Tema: Wat wil God regtig van jou hê?

1. Wat my betref, broers, toe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. 2. Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde. 3. Bewus van my swakheid, en met groot angs en huiwering, het ek na julle toe gekom. 4. Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. 5. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God. Die openbaring deur die Gees van God 6. Tog is wat ons verkondig wysheid, maar net vir dié wat daarvoor ryp is, en dan 'n wysheid wat nie van hierdie wêreld is of van die heersers van hierdie wêreld nie. Hulle is buitendien aan die ondergaan. 7. Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid.

8. Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle nie die Here van die heerlikheid gekruisig het nie. 9. Maar soos daar geskrywe staan: "Wat die oog nie gesien en die oor gehoor het nie," en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet. 10. Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Lief en Leed

Baie geluk aan ons sewentigplussers wat hierdie week verjaar:

Mara Stander	9 Februarie 2020
Felicia van Deventer	13 Februarie 2020

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:

- **Jenny Mostert** van Oosthuizenstraat 12;
- **Antoinette Erasmus** van Keyterstraat 29;
- **Deon Jacobs** van Theronstraat 8;
- **Magdalena van Antwerp** van Jan van Riebeeckweg 24;
- **Chris Hechter** van Rademeyerstraat 29;
- **Hendrik van Huyssteen** van Keyterstraat 42;
- **Flip Fourie** van Oudtshoorn Aftreeoord 16; en
- **Die Lamprecht familie** van Jan van Riebeeckweg 2, met die afsterwe van oom Lampies.

- **Ons bid vir die volgende sake:-**
  - **uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;**
  - **maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;**
  - **moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en**
  - **vir opvoeding en onderwys.**

Sondag: 9 Februarie 2020
BIDDAG VIR OPVOEDING EN ONDERWYS

- Die deuroffers gaan aan **Gemeentefondse.**
- Geen **jeuggroepe.**
- Geen sap vanoggend na die erediens nie.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Woensdag: 12 Februarie 2020

- Die **Vrouebybelstudiegroep** vergader om 09:00 en die **Mannebybelstudiegroep** om 18:30 in die konferensielokaal.

- **<u>Belangrike datums vir die kwartaal: -</u>**

Maandag: 10 – 13 Februarie 2020

- Ds. Andries woon 'n VBO-kursus te Greyton by.

Sondag: 23 Februarie 2020

- **Nagmaal** om 09:00.

Woensdag: 26 Februarie 2020

- **Aswoensdag:** Begin van Lydenstyd met 'n samekoms om 18:30 in die kerk.

ALGEMEEN

- **Nuwe lidmate** word versoek om u kontakbesonderhede in die boek op die tafel in die voorportaal aan te bring en ook die vorm gemerk "lidmaatbesonderhede" te voltooi en so spoedig aan die skriba te besorg.

- Baie welkom aan **Johannes Augustus Stegmann, Lelané Britz nou Stegmann** en hul kinders **Johannes André en Ilze** wat vanaf Parow Panorama by ons gemeente aangesluit het.
  Mag jul hier 'n ware tuiste vind.

- **Lidmaat gegewens-**
  Dit sal waardeer word as u asb. die kerkkantoor in kennis stel indien u e-posadres, selfoonnommer, telefoonnommer of woonadres verander. Dit help ons om ons rekords op datum te hou.

- **Nismuur by die kerk:**
  Ons nismuur by die kerk het volgeraak. Die kerkraad het besluit om nog 48 nisse by te bou. As gevolg van die ekstra nisse moes ons die nommers van die nisse verander om die 48 te akkomodeer. Die ou nisse se plek is nog dieselfde, net die nommers het verander. Lidmate word uitgenooi om te kom kyk na die nuwe nommer asb. Baie dankie vir julle samewerking in die verband.

Welkom by die erediens, mag elkeen van ons opnuut die teenwoordigheid van die Here hier beleef!

Reis verby
al die klippe
op jou pad
en eendag
sal jy agterkom
dat jy die berg oor
gegaan het.